Our hospital records show 1,139 days of hospitalization, so it is evident that our ward, even though not in good condition with equipment, has not been empty during the past year. We have cared for twelve major surgical patients, six fractures, three pneumonia patients, besides a variety of other patients such as those with huge leg ulcers and heart diseases, in our hospital ward. So far it has been very difficult to get the obstetrical work started, but I am going to make a strong effort to get these patients into the hospital.

Evangelistic work among the sick here must necessarily be verbal teaching from day to day, as only one in 500 is able to read. Services are held daily in the morning in the hospital ward by one of our workers, and twice a week (the days of our free yaws injections) we hold an outdoor meeting with the large crowd at the dispensary. It is not always easy for us to see the results of our teaching daily at the hospital, but we do have one who has expressed himself as wishing to follow in the footsteps of Jesus. He is learning the Adventist hymns and we hope to baptise him by the time he is able to walk again. He came in a very badly crippled up condition involving both knees due to extensive yaws which made it necessary for him to walk on his hands and feet in a squatting position. One leg is now straight and I have just operated

(Concluded on page 8)

Die Tyd Word Kort

L. L. MOFFITT

ONS hoor dat ons werk in seker dele van Europa onderdruk word. Dis seker 'n bewys dat ons die tyd nader waarvan die diensmaag van die Here gesê het:

"Diens het geen tyd om te verloor nie. Die end is naby. Die deurgang van plek tot plek om die waarheid te verkondig sal netnou met gevare aan die regter- en aan die linkerhand omring wees. Alles sal gedaan word om die boodskappers van die Here te hinder, sodat hulle nie sal kan doen wat hulle nou doen nie. Ons moet ons werk goed in oëskou neem en so vinnig as ons kan in agressiewe stryd vorentoe druk. Volgens die lig wat die Here vir my gee, weet ek dat die duistere magte met intensiewe krag besig is en Satan heimlik nader om die wat nou slaap, te oorval soos 'n wolf sy prooi oorval. Nou het ons waarskuwings wat ons kan gee, 'n werk wat ons nou doen. Maar netnou sal dit moeiliker word as wat ons ons kan indink."—"Testimonies," Vol. VI, bld. 22.

"Ons moet hierdie boodskap vinnig gee, 'gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie.' Die mense sal netnou verplig word om gewigtige be-

sluite te neem, en dis ons plig om toe te sien dat hulle 'n geleentheid kry om die waarheid te verstaan, sodat hulle met verstand die regte kant kan kies. Die Here roep Sy kinders om te arbeid—met erns en verstand—solank die genadetyd duur."—"Testimonies," Vol. IX, bld. 126, 127.

"Die werk sal gou afgesluit word, en aan elke kant neem die boosheid toe. Ons het net 'n korte tydjie om die werk te doen."

Ons kannie weet wanneer ons werk in Suid-Afrika met die grootste moeilikhede sal te kampe hê nie. Nou is dit ons kans om ons evangeliewerk vinnig klaar te maak.

Die konferensie maak plan vir 'n sterke, evangelistiese voorwaartse beweging in 1934. Op ons jongste komiteevergadering het ons weer drie werkers aangeneem en begin gemaak met 'n bepaalde plan om die buiteplase en klein dorpe te bewerk, apart van ons evangelistiese pogings in die dorpe.

Ons doen nou weer 'n oproep aan al ons mense om ons Evangelistiese Fonds milddadig te ondersteun.

Die 27ste Januarie is op ons kalender afgesonder as 'n Evangelistiese Dag. Op daardie dag verwag ons dat ons predikers en ouderlinge in al ons gemeentes ons mense sal wys op die dringende behoefte van die evangeliewerk, en hulle van al ons mense beloftes sal vra om die evangelistiese program van die konferensie bepaaldelik te ondersteun. Ons gaan ook aan al ons afgesonderde gelowiges skryf om hulle te vra om hierdie dringende werk te ondersteun.

Ons stel voor 'n minimum van een sieling per maand per lid. Baie sal natuurlik meer kan gee, maar ons wil dat algar 'n bepaalde aandeel sal hê in die ondersteuning van die evangelistiese werk van die konferensie, ook al kan party nie meer gee as een sieling per maand nie.

Ons weet dat al ons mense in die evangelistiese werk belangstel en ons verwag dat van al die kante van die konferensie die geld vir hierdie fonds sal inkom.



Nuus

Die komiteevergadering van die Suid-Afrikaanse Konferensie het van 17 tot 21 Desember in Bloemfontein bymekaargekom. Vir 1934 is daar weer drie werkers op die loonlys van die konferensie gesit: Ouderling J. J. Birkenstock, Ouderling E. M. Howard, en Broeder A. J. Herholdt.

Die konferensie-komitee het die idee van 'n karavaan vir die evangelisasie van die buiteplase in die klein dorpe aangeneem en alreeds twee karavaangeselskappe georganiseer. Ouderling en Suster Hiten gaan die buiteplase in die Westelike Provinsie besoek, en Broeder en Suster Venter sal netnou met hul werk in die Transvaal begin. So vinnig as ons kan, hoop ons die karavaanplan uit te brei, totdat ons minstens een karavaangeselskap in elke provinsie het.

Vir die eerste ses maande van 1934 gaan ons vier evangelistiese pogings hou.

Die komitee het die maak van 'n nuwe 50 vt. x 70 vt. evangelistiese tent vir ons evangelistiese pogings vir 1934 goedgekeur. Ons het die tent by Gourock Ropework and Export Company te Johannesburg bestel. Hierdie firma het verlede jaar ook 'n baie goeie tent vir ons gemaak. Ouderling W. L. Hyatt het hom in sy poging te Johannesburg gebruik.


Die munisipaliteit van Bethlehem het ons 'n stuk grond in 'n goeie deel van die dorp gegee vir die bou van 'n Sewendedag Adventistiese kerk. 'n Boukomitee is benoem om die oprigting van 'n gebou op daardie grond binne die eerste twee jare te oorweeg.

Die konferensie komitee het die uitgawe van verder Afrikaanse leesstof oorweeg. Een boek met uittreksels uit die Getuïenisse wat handel oor vyf-en-dertig onder-

werpe van belang vir ons mense, word nou vertaal.

Mevr. J. L. Milford is besig om 'n boek van ongeveer 120 bld. te skryf. Dit behandel die vernaamste punte van Bybelwaarheid. Die styl van die boek sal eenvoudig wees en die behandeling direk.

Ouderling A. V. Edwards en Prof. G. E. Shankel van Helderberg Kollege was onlangs in Bloemfontein in belang van die Christelike opvoeding.



Onder die Gemeentes

A. W. STAPLES

SKRYWER het die voorreg gehad om die week vir die *Tekens* meesal in Pretoria te wees. Dit gee mens altyd besieling om met die gelowiges in die hoofstad saam te kom. Elke aand op een na het ons spesiale dienste vir die jongmense gehou. Daar was 'n goeie opkoms en ons vertrou dit was 'n seën vir algar.

Elke aand het ons gevra hoeveel subskripsies hulle gekry het. 'n Getroue groep werkers het fluks gearbei. Persoonlik kan ek getuig dat aanhoudende arbeid sukses bring en 'n seën is. Die Here het ons sewe-en-dertig subskripsies gegee. Donderdagaand het ons afskied geneem van die gemeente, hul "oorwinningsvlag" was toe amper bo aan. Net nou 'n paar subskripsies en hul doel van een honderd en dertig name is bereik.

Terwyl ons in Pretoria was, het ons ook die voorreg gehad om tien dierbaar siele te doop. Broeder John Cooks, die kerkskoolonderwyser, het die hele jaar deur Sondagaanddienste gehou, opgevolg deur persoonlike arbeid van homself en ons kolporteur-evangelis, Broeder Van de Berg. Verskeie van die lekebroeders het ook in hierdie evangelisasiewerk gehelp.

Baie harte was bly toe hierdie tien siele vorentoe gekom het om hul gekruisigde en opgestane Heer te bely. Ons wens die gemeente van Pretoria veel van die seën van die Here waar hulle die goeie werk van die leke-evangelisasie voortsit.

Die volgende naweek was ons in Parys. Die Week van Gebed en ander vergaderings was 'n seën vir algar. Saterdag was daar 'n indrukwekkende Investituurdiens. Vyf "Metgeselle" en sewe "Vriende" het hul borspelde ontvang. Mens kon sien dat die jongmense uit hul hart praat. Die arbeid van Suster Lloyd vir die opleiding van hierdie jongmense word baie waardeer en beloon.

Die volgende vergaderings was te Potchefstroom, waaronder eenselfde Investituurdiens voor 'n groot gehoor. Nie min-

der as nege "Metgeselle" en twaalf "Vriende" het deelgeneem en hul borspelde gekry. Hierdie jongmense doen hul bes om vir die Here te leef. Onder leiding van Suster Havenga neem hulle deel aan die veldtogte van die gemeente.



Nuus

Ons verwelkom Broeder Philip Mantell as 'n lid van die staf van die Good Hope Training School. Hy gaan die Normaal-onderwyser wees. Twee gegradueerdes van die Good Hope Training School, Broeder William Thomas en Broeder Gold Theunissen, is gevra om in die primêre afdeling van die skool onderwys te gee. Die vooruitsigte vir 1934 is beter as in enige vorige jaar.

Oor die hele veld is die belangstelling in die Christelike opvoeding opgewek. Twee nuwe kerkskole word nou geopen: een te Bloemfontein, en een te Bethlehem. Maritzburg het aanvraag vir 'n skool gedoen, maar daar was geen onderwyser beskikbaar nie. Beter kans in 1934, Maritzburg!

Die kerkskoolonderwysers vir 1934 sien verlangend uit na die opening van die skole. Mej. Anna Ficker gaan die nuwe kerkskool in Bloemfontein onderwys, Menr. Duncan Eva die kerkskool te Bethlehem, Mej. Rose van Rooyen gaan na Durban en Mej. Irene Smith na Johannesburg, Menr. Willem Marais na Pretoria, Menr. Victor Visser bly te Brakpan en Menr. Walter Hayter te Ermelo; Mej. Hilda Holbrook leer die kinders te Motkop en Mej. Erna de Beer kom na die kerkskool van Claremont, Mej. Patience van der Westhuizen gaan die kinders op Cancele leer en Mevr. C. C. Marais, Mej. Sheila Davies en Mevr. E. Bulgin sorg vir die kerkskool van Helderberg Kollege.

Helderberg Kollege

Helderberg Kollege

G. E. SHANKEL

HELDERBERG KOLLEGE is 'n besige plek selfs gedurende die vaksansiedae. 'n Aantal belangrike verbeterings is nou aangebring. Die rande vir die nuwe voetpaaie is nou algar afgewerk en die paaie opgevolg. Die padmasjienerie van die munisipaliteit van Somerset Wes gaan die gruis en die asfaltbedekking doen.

Branson Saal, Salisbury Huis en Mead Huis ondergaan algar veranderings. Die laaste twee kry 'n nuwe verlaag. In Branson Saal is die nuwe vloer in die gange gelê en klaar vir die skuurmasjiene.

Daar is groot aanvraag vir die melkprodukte van Helderberg Kollege. Nie alleen voorsien die melkery die kollege van al die melk en botter wat hulle kan gebruik, maar die produkte word selfs marktoe gebring. Die melkkamer word

vergroot om die vermeerderde opbrings te kan bêre. Die kollege het nou een van die beste Jersey kuddes in die Westelike Provinsie.

'n Paar dae gelede het Menr. Macmillan, opsigter van die Goewerment se Bosplantasies te Elgin, die kollege besoek en die skoolbestuur raad gegee omtrent die plant van die mees geskikte sierbome en bosbome.

Ouderling en Mevr. Edwards, Ouderling en Mevr. J. V. Wilson en Mevr. Garne en hul families is vir 'n paar weke aan die Strand. Mej. Neil die stenograaf van die kollege, is 'n paar dae na Bredasdorp, Mevr. Botes vir veertien dae na Pondoland en Mevr. Finn vertoef met haar dogters by die familie Boekhout te Claremont. Menr. en Mevr. Edward Tarr en babettjie het op 4 Jan. van hul vakansie teruggekeer.

Menr. C. C. Marais en P. J. van Eck is terug van hul evangelistiese poging te Stellenbosch. Hulle rapporteer 'n goeie poging, 'n aantal mense het die boodskap aangeneem.

Op Najaarsdag het Broeder en Suster Long en hul dogter Dorothy, van Salisbury, die kollege besoek. Dorothy gaan hierdie jaar 'n student wees.

Daar is tekens van 'n volle inskrywing vir 1934. Ons het alreeds konsessievorme uitgestuur vir studente wat in 1933 die skool besoek het en wat nou weer vir 1934 wil inskryf. Studente wat nie in 1933 ingeskryf het nie, moet tog a.u.b. dadelik vir konsessievorme aansoek doen, sodat hulle van die verlaagde reiskoste kan gebruik maak.

Angola Union

C. W. Curtis Superintendent
P. Stevenson Sekr.-Tes.
Bongo Sending, Lèpi, Angola.

'n Goeie Rapport van Angola

MEVR. J. D. BAKER

DRIE jaar lank het vriende in Amerika ons voorsien van *O Atalia*, die Brasiliaanse *Tekens*. Dis 'n mooie blad en ons voel hoogmoedig om die mense dit as 'n staaltjie van ons leesstof te gee. Twee goewerners, twee administrateurs, vier sekretarisse, verskeie voormanne, en beampies in die poskantoor en ander departemente, en die vernaamste besigheidsmense kry die blad gereeld.

Een beampie het ons laat weet dat die blad hom liggaamlik en geestelik tot seën was. Daar is altyd 'n stuk oor gesondheid deur een van ons dokters, en ook die vraebus in elke uitgawe. 'n Ander beampie het ons gevra of ons nog ou blaaië had. Hy en sy vrou wou graag die verhaaltjies op die "Children's Page" aan hul kinders voorlees.

Onlangs moes Menr. Baker met vier

onderwysers na Saurimo gaan om hul lisensies uit te neem. Partykeer is daar 'n taamlik swaar eksame en ons onderwysers was bang vir die toets. Ons was self 'n bietjie ongerus, want die sendelinge van 'n ander genootskap het 'n paar dae van tevore ons vertel watter moeite hulle gehad

het en hoe die goewerment party van hulle laat loop het. My man was glad verwonderd en dankbaar toe die Administrateur hom vra hoeveel onderwysers hy het, en hy vir sy sekretaris sê om die lisensies uit te skryf. Hy vra toe of ons nog meer

(Vervolg op bld. 8)

TIENDE BULLETIN, No. 9

Nooit was daar 'n meer Belangrike Tyd as Vandag nie

"Nooit was daar 'n meer belangrike tyd in die geskiedenis van ons werk as die teenswoordige nie. Die boodskap van die derde hoofstuk van Maleagi kom tot ons, laat ons die noodsaaklikheid insien om eerlik te wees in ons verhoudings tot die Here en Sy werk. Broeders, die geld wat julle gebruik om te koop en te verkoop en wins te maak, sal 'n vloek vir julle wees, as julle van die Here agterhou wat Hom toekom. Die middele wat aan julle toevertrou is tot bevordering van die werk van die Here, moet gebruik word om die evangelie te bring aan alle dele van die wêreld."—*"Testimonies," Vol. IX, bld. 53.*

WAT MAAK DIE MENS ARM?

"Dis nie om aan die Here te gee wat Hom toekom, wat die mense arm maak nie, maar 'een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek.' Spreuke 11: 24."—*"Testimonies," Vol. VI, bld. 449.*

GEEN VRYHEID OM DIE TIENDE TE LEEN NIE

"Laat niemand as hy in moeilikheid verkeer, die geld wat vir godsdienstige doeleindes geheilig is, vat en dit vir sy voordeel gebruik, en dan sy gewete sus deur te sê dat hy dit in die toekoms sal terugbetaal nie. Dis veel beter om die uitgawes ooreenkomstig die inkomste te besnoei, die behoeftes te beperk, en binne die inkomste te leef, dan die Here se geld vir wêreldse doeleindes te gebruik. . . . Die Here het spesiaal bevel gegee aangaande die gebruik van die tiende. . . . Laat niemand vry voel om die tiende agter te hou om dit dan volgens sy eie oordeel te gebruik nie. Hulle moenie dit vir hulself in tyd van nood gebruik nie, ook nie dit aanwend soos hulle goeddink nie, selfs in wat hulle beskou as die werk van die Here nie. . . . Die Here wil dat al Sy rentmeesters presies sal wees in die uitvoering van die goddelike beskikkings."—*"Testimonies," Vol. IX, bld. 247, 248.*

"Dis 'n plan wat die hemel ingestel het, dat die mense aan die Here sou gee wat Hom toekom, en dit word so duidelik aangegee dat manne en vroue geen ekskuus het nie om dit verkeerd te verstaan of hul pligte en verantwoordelikhede wat die Here hulle opgelê het, te probeer ontloop."—*"Testimonies," Vol. VI, bld. 387.*

'N DUIDELIKE BEPAALDE BOODSKAP

"'n Baie duidelike, bepaalde boodskap is my vir ons mense gegee. Ek moet hulle sê dat hulle 'n fout maak, as hulle die tiende vir verskillende doeleindes gebruik,—doeleindes wat wel goed is, maar wat nie die doel is waartoe die Here gesê het dat die tiende behoort aangewend te word nie. Die wat die tiende op die manier gebruik, wyk af van die beskikkings van die Here. Die Here sal hulle vir hierdie dinge oordeel. . . . Die tiende is heilig, deur die Here vir Homself apart gesit. Dit moet in Sy skatkamer gebring word om gebruik te word om die evangeliewerke in hul arbeid te ondersteun."—*"Gospel Workers," bld. 226.*

DIE BRON VAN SEËN

"Die tiende- en offerandesistiem het tot doel gehad om die harte van die mense onder die indruk van die groot waarheid te bring dat God die bron van elke seën vir Sy skepsel is, en dat die mens Hom dankbaarheid verskuldig is vir die goeie gawes van Sy voorsienigheid."—*"Patriarchs and Prophets," bld. 525.*

ONDERHOUD VAN PREDIKERS, ENS.

"Aan my is te kenne gegee dat daar is wat die tiende terughou, tiende wat getrou in die skatkamer van die Here behoort in te kom tot onderhoud van predikers en sendelinge wat die Skrif vir die mens duidelik maak en van huis tot huis gaan."—*"Testimonies," Vol. IX, bld. 52.*

"Daar behoort vandag een honderd goed onderlegde werkers in die veld te wees waar daar nou net een is."—*"Testimonies," Vol. IX, bld. 249.*

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. FLOYD TARR _____ Editor
J. I. ROBISON _____ Assist. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright _____ President.
A. E. Nelson _____ Treas. and Auditor
A. F. Tarr _____ Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge _____ Medical Secy.
M. P. Robison _____ Ed. and M. V. Secy.
F. E. Potter _____ H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison _____ Religious Liberty Secy.

Another Union Passes H. I. Goal

WORD has been received that the Congo Union has passed its Harvest Ingathering goal for 1933. This is the fourth union to go over the top, all having reached their goals now except Angola and the final reports from this field are not yet in.

Elder D. E. Delhove did splendid work in the South Congo and was instrumental in raising a large portion of the union goal.



Warning

OUR people are hereby warned against a man claiming to have been converted in the Pretoria prison, who, under the guise of a Seventh-day Adventist, has been taking advantage of our members. This man is most plausible and pious in his tale, and has already imposed on several of our members. Hence this warning.

Obituary

GRAINGER.—The Songa Mission family were deeply shocked and made sad by the sudden death of our native foreign missionary Brother Grainger, who was struck by lightning in his house on Friday afternoon, October 27, while he was ironing some clothes. He was preparing to return in a few days to his home in Nyasaland on furlough, after some years of service in the Congo.

Brother Pratt, the union builder, made a nice coffin, and on Sabbath morning a special funeral service in the church was held. Doctor Morel, Brother Pratt, and Evangelist Zakaria officiated. Our dear Brother Grainger was laid to rest in the Songa cemetery to await the Lord's call at the first resurrection. To his dear companion, Alice, to his brother Belson, and to all the relatives we send our most heartfelt sympathies. We will long remember the faithful work that our late brother did in the Congo for his Master, and pray that we all may be faithful to meet him at the last day.

D. E. DELHOVE.

Just Arrived

SPECIAL number of *Present Truth*, leading article: "Who are Seventh-day Adventists," and which article gives a true answer to a question many are asking today. Price: 25 copies for 1/-.

AFRIKAANS BIBLES.—Prices: 2/6, 5/6, 9/-, and 15/-, post paid.

"CAN I KEEP THE SABBATH?"—An interesting little pamphlet, proving how God opens the way to the new believer. Price: 2 copies for 3d., postage paid.

"ADVENTURES OF OUR COLPORTEURS," by E. E. Franklin.—Should be read by every lover of the literature ministry. Price: 9d., postage paid.

SPECIAL OFFER

"HEALTHFUL LIVING," by Francis McLellan Wilcox.—Take the opportunity now that the Sabbath school lessons are on health and temperance. Reduced price: 6d., postage paid.

Order immediately (cash with order)
from

RELIGIOUS BOOK DEPOSITORY
P. O. BOX 256
BLOEMFONTEIN. O. F. S.



Messages of Grace

If you are down hearted, read Psalm 27.
If you are in trouble regarding money matters, read Psalm 37.

If you are feeling lonely and unprotected, read Psalm 91.

If you find yourself losing confidence in your fellow men, read 1 Corinthians 13.

If people speak ill of you, read John 15.



Report of Ngoma Hospital

(Concluded from page 5)

on the other one, but must repeat the operation in order to complete the correction of the deformity. His name is Nhuzumwimye, which means, "without a house to live in." He adopted this name when his people pushed him out on account of his being crippled and unable to work.

I would not feel that this report is complete without giving a few words relative to our present needs. Equipment such as beds, mattresses and bed linen are necessities as we are now using very unsanitary grass beds in the hospital. We need blankets and gowns for the patients, wash basins, pitchers, bandages and bed-pans. A nurse with surgical training is another absolute necessity. In order to keep the place looking respectable and neat it must be painted over at least once every four months, and as much of our woodwork has not even been painted once, the need

of paint is readily apparent. These things do not require a lot of money, but it is all just that much more than we have to spend to make things presentable.

While sometimes things seem almost discouraging, yet I am determined not to weary in well doing, because I know that God's work will prosper and that the end of the thing will be better than this beginning. I am hoping to see greater work done the coming year and more souls led to accept Christ as their Saviour as a result of what they have learned from teaching and example at our dispensary and hospital. I very strongly realise that this new field is a field of great opportunities, and I am asking that you all may remember the needs in this field, and pray the Lord of the harvest that reapers and means may be sent to help us here, and that we as labourers may be faithful to the end.



Goeie Rapport van Angola

(Vervolg van bladsy 7)

eksemplare van *O Atalia* het. Hy het een in Vila Luzo gesien en sou graag die blad wil hê. Sodra die sekretaris die lisensies uitgeskryf het, het hy vir die blad gevra. Die aanvraag vir die *O Atalia* is groter as die voorraad. Dis jammer dat ons niemand in Angola het nie wat onder die Portugese kan arbei.

Ons werk onder die inboorlinge gaan vorentoe. Laaste Sabbat het ons skool 'n interessante program gegee; die natuurle van die dorp het dit baie geniet. Een-dertig van hulle het 'n dag se werk gegee as 'n offerande; heel wat van hulle was nie lede van die gemeente nie.

In een buiteskool het hulle veertien angolares (onogeveer 3/-) aan tamaties, mielies, uie en kool gegee. As mens dink hoe skaars die kos is, was dit 'n baie goeie offerande.

Twee jaar gelede het naturelle uit die Kongo die rapport gebring dat die afgestorwe opperhoofde met hul mense sou terugkom in trokke en motorkarre en met 'n groot voorraad kos. Hulle sou weerkom soos witmense en leef soos witmense. Die naturelle moes net al hul swart beeste, skape, bokke en hoenders doodmaak en gladnie tuinmaak nie, want hulle sou beter kos kry as die manioca. Dit het toe 'n opskudding afgegee en die goewernements-beamptes en die sendelinge het hul bes gedoen om die rapport teen te werk. Maar baie beeste is geslag, en deur die hele distrik het die naturelle geweier om te plant; party het selfs hul tuine verniel. En die manioca vat twee jaar eer hy eetbaar is, sodat die mense nou hongerly, omdat hulle daardie verkeerde nuus geglo het. Party sterfgevälle word gerapporteer.

Die werk gaan vorentoe. Ondanks al die moeilikhede en depressie bly die boodskap vorentoe gaan. Dis die groot vreugde van hierdie boodskap.